**God is die fokus van die nuwe Jerusalem**

**Openbaring 21:23-24, 22:1-2**

**21 Februarie 2021**

1. Vantevore: Nuwe Jerusalem is die bruid/gelowiges, die stad het die heerlikheid van God, God is die muur om die stad, God en die Lam is die tempel van die stad
2. Lig vir die nuwe Jerusalem (Op 21:23-24)
    a. God se heerlikheid en die Lam verlig die stad, nie die son en maan nie, daar is nie meer nag nie
    b. Gen 1:1-2 – voor skeppingsweek is aarde woes, leeg en donker (OAV)
    c. Gen 1:3-4 – dag 1, God skep lig, Gen 1:14-19 – dag 4, God skep die son en maan
    d. Eks 10:21-27 – tydens negende plaag het Israeliete lig, die Egiptenaars nie
    e. Eks 13:21-22 – God trek voor die volk uit in wolkkolom/vuurkolom
    f. Eks 27:20 – lampe moet voortdurend in die tabernakel brand
    g. Ps 27:1 – Die Here is lig, Ps 43:3 – Stuur U lig en U waarheid dat die my lei
    h. Jes 60:1-4, 19-20 – Die Here gee lig vir Jerusalem, deur Sy heerlikheid
    i. Joh 8:12 – Jesus is die Lig vir die wêreld, 1 Tim 6:16 – God woon in ontoeganklike lig
    j. 2 Kor 4:6 – God skep lig in gelowiges se harte – kennis van God se heerlikheid deur Christus se werk
    k. Kol 1:12 – Gelowiges se erfenis is in die koninkryk van die lig
3. Water van die lewe (Op 22:1)
    a. Water van die lewe vloei vanuit God en die Lam se troon
    b. Gen 2:10-14 – rivier uit Eden benat die tuin, verdeel en vloei verder
    c. Eks 7:14-25 – tydens eerste plaag verander water in bloed
    d. Eks 17:1-7 – God gee water uit die rots
    e. Ps 1 – gelowiges is geplant by waterstrome, Ps 42:2 – smag na God soos 'n wildsbok
    f. Eseg 42:1-10 – stroom water uit die tempel bring lewe so ver as wat dit vloei
    g. Joh 4:14 – Jesus se water gee ewige lewe
4. Boom van die lewe (Op 22:2)
    a. Boom/bome van die lewe weerskante van die rivier, dra 12 keer per jaar vrugte, bring genesing vir die nasies
    b. Gen 2:9 – boom van die lewe in middel van die tuin, gee ewige lewe (Gen 3:22)
    c. Eks 25:29 – tafel met toonbrode in tabernakel, priesters mog dit eet
    d. Eseg 47:12 – Vrugtebome op wal van rivier, bring genesing
    e. Joh 6:35 – Jesus is die brood wat lewe gee
5. Samevatting
    a. God voorsien in fisiese behoeftes van die mens, maar God gebruik dit om die mens se fokus op Hom te plaas – nie net vir fisiese lewe nie, maar veral vir ewige lewe. Tydens die ewige lewe is die fokus van die gelowiges dus juis op God en die Lam.
    b. God verdryf duisternis stelselmatig – vanaf Gen 1 tot einde van Openbaring. Hy verdryf juis geestelike donker. Hy demonstreer Hy is die Lig – veral in die harte van gelowiges, deurdat Hy hulle Sy heerlikheid laat sien deur die werk van Christus.
    c. God is die fokus in die nuwe Jerusalem: Hy is die inhoud van die muur, die tempel, die water, die bome en hulle vrugte en selfs die lig in die stad.